



Verwysing: 20170516-915  
12/2/11/5/3  
Navrae: W Mercur

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0016/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal; Hoofdirekteure; Direkteure; Hoofde:  
Kurrikulumkoördinerings- en -advies; Kringbestuurders; Bestuurders: Strategiese Inligting,  
Beheer en Mensbestuur (SIBMB); Adjunk-hoofonderwyskundiges; Vakadviseurs en  
Hoërskoolprinsipale

### **Onderwerp: Terughou van taalkompensasie tot 2022**

1. Die aanleer van en bevoegdheid in taal is as 'n prioriteit op nasionale en provinsiale vlak geïdentifiseer.
2. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het die onderrig van English Across the Curriculum (EAC) ingestel as 'n manier om die Taal van Leer en Onderrig (TLO) vanaf graad 1 tot 12 te verbeter. Sodoende is aandag geskenk aan die hindernisfaktor en die verligting van die negatiewe impak wat die onttrekking van die taalkompensasie mag hê. Umalusi, die Raad vir Gehalteversekering, het besluit om die taalkompensasie van 3% vir leerders, wat in graad 12 deur middel van Engels as 'n tweedetaalmedium studeer, van 2016 tot 2022 terug te hou.
3. Nasionale Senior Sertifikaat-uitslae dui daarop dat leerders met beperkte bevoegdheid in Engels en ontoereikende kognitiewe akademiese taalvaardighede regdeur die kurrikulum onderpresteer. Hierdie punt beklemtoon die feit dat die taal van onderrig en akademiese prestasie direk met mekaar verbind is. Daarom het 'n leerder se taalvermoë 'n geweldige impak op uitslae omdat alle inhoudsareas ingebed in taal is.
4. Daar is tans twee Tale van Onderrig en Leer op die vlak van Verdere Onderwys en Opleiding in Suid-Afrikaanse skole, te wete Engels en Afrikaans. Heelwat skole in die provinsie bied Engels as die TLO aan.
5. Dit is uiters belangrik dat alle leerders maksimaal aan die TLO blootgestel word om genoegsame kennis te bekom om skriftelik en mondelings doeltreffend te kan

kommunikeer. Skole word versoek om die hoeveelheid kodewisseling en kodevermenging te verminder ten einde maksimale blootstelling aan die TLO as die taal van assessering is te verseker. By baie skole in hierdie provinsie, sal dit na Engels verwys.

6. Alle onderwysers moet hiervan kennis neem en behoort die onderrig van die taal van die inhoudsvakke by hul beplanning en voorbereiding in te sluit. Dit sluit in die onderrig van die terminologie van die vak.

Die strategie word gedemonstreer deur die DBO se *Manual for Teaching English Across the Curriculum: Book 2*. Die handleiding is 'n versameling vakspesifieke aktiwiteite en lesvoorbereidingsdemonstrasies wat deur provinsiale en distriksamptenare en leieronderwysers ontwikkel is en alle fases verteenwoordig. Ondersteuningsmateriaal en die handleiding vir EAC is verkrygbaar by:  
<http://www.education.gov.za/TeachingEnglish/tabid/729/Default.aspx>.

7. Onderwysers word aangemoedig om 'n teksryke klaskameromgewing te hê om taalverwerwing te bevorder. Dit kan 'n woordmuur, toepaslike plakkate en 'n versameling boeke en artikels vir die vak wat onderrig word, insluit.
8. Hierbenewens moet leerders eksplisiet in die taal van assessering onderrig word sodat hulle die vrae wat gevra word, kan beantwoord. Onderwysers moet op **sleutelwoorde, vraagwoorde en inhoudsworde** fokus. Onthou dat elke onderwyser 'n taalonderwyser is en elke les behoort leerders aan lees en skryf te laat meedoen.
9. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement moedig alle skole aan om die provinsiale taalstrategie, wat integrasie regdeur vakke en die onderrig van taal regdeur die kurrikulum bevorder, te implementeer.
10. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke onderwysers.

**GETEKEN:** PAD BEETS

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2017-05-26